SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2021

# GRAAD 11

# NASIENRIGLYNE

| EKONOMIE (VRAESTEL 1) |
| --- |

**18 bladsye**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 A – markekonomie ✓✓

1.1.2 D – is besig om belangrikheid as deel van die BBP te verloor. ✓✓

1.1.3 A – daar is volkome indiensame ✓✓

1.1.4 C – die beskikbaarheid en pryse van sekere voedselgewasse ✓✓

1.1.5 B – progressief ✓✓

1.1.6 B – repokoers ✓✓

1.1.7 A – vlak van per kapita inkomste ✓✓

1.1.8 D – Nasionale Ontwikkelingsplan ✓✓ (16)

1.2 **PASSENDE ITEMS**

1.2.1 B – gratis gawes vanuit die natuur ✓

1.2.2 F – die beste moontlike uitkomste binne die gegewe omstandighede ✓

1.2.3 E – verhouding tussen insette en uitsette ✓

1.2.4 I – formele en spesifieke aktiwiteite wat die vermoë van individue verbeter om hulle volle potensiaal te bereik ✓

1.2.5 K – maatstawwe wat die SARB in plek stel om geldvoorraad te beheer ✓

1.2.6 A – voldoen aan huidige behoeftes sonder om toekomstige generasies se behoeftes te benadeel ✓

1.2.7 C – verteenwoordig besteding op kapitaalvoorraad ✓

1.2.8 G – verbeter die standaard en lewenskwaliteit van die mense in Suiderlike Afrika ✓ (8 x 1) (8)

1.3 **TERMINOLOGIE**

1.3.1 Produksiemetode ✓

1.3.2 Nie-duursame goedere ✓

1.3.3 Privatisering ✓

1.3.4 Monetêre unie ✓

1.3.5 Buitelandse hulpverlening ✓

1.3.6 Vervaardiging ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE faktore wat die prys van natuurlike hulpbronne beïnvloed.**

- Aanbod en vraag ✓
- Klimaat ✓
- Ligging ✓
- Kwaliteit van hulpbronne ✓
- Tegnologie ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom word invoere uitgesluit onder binnelandse besteding?**

- Invoere word uitgelsuit omdat dit nie deel vorm van binnelandse produksie nie. ✓✓
- Die inkomste verwerf uit die verkope van invoere word bestee in ander lande en nie plaaslik nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

2.2 **DATA RESPONS**

2.2.1 **Noem enige EEN vorm van vervoer**.

- Spoorweg ✓
- Lugvervoer ✓
- Watervervoer ✓ (Enige 1 x 1) (1)

2.2.2 **Watter Suid-Afrikaanse agentskap is verantwoordelik vir die bou en instandhouding van nasionale paaie in Suid-Afrika?**

- Suid-Afrikaanse Nasionale Paaie Agentskap (SANPA)/(SANRAL) ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *infrastruktuur***

- Infrastruktuur is basiese fasiliteite, dienste en installasies wat benodig word vir die funksionering van ʼn ekonomie, onder andere, geboue, paaie en die beskikbaarheid van elektrisiteit wat produktiwiteit aanhuts. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.4 **Verduidelik die ekonomiese belangrikheid van vervoer vir die ekonomie.**

- Vervoer bring die verbruiker en die vervaardiger bymekaar. ✓✓
- Vervoer maak ʼn waardevolle bydrae tot die bruto binnelandse produk van die land. ✓✓
- Vervoer skep indiensnemingsgeleenthede in die toerismebedryf. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

2.2.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die funksionering van publieke vervoer in die land verbeter?**

Die regering kan publieke vervoer verbeter deur:

- Die gebruik van publieke vervoer te vergemaklik deur die verbetering van voertuig-ontwerp en die toepassing van buite-vervoer tariewe. ✓✓
- Die aanmoediging van nouer samewerking tussen munisipaliteite en minibus-taxi's en inligtingsisteme om vervoer-bedrywighede beter te kan bestuur. ✓✓
- Werk saam met besighede wat innoverende toeps ontwerp om pendeltipe oplossings aan groot maatskappye te lewer in plaas van die tradisionele parkeringstelsels aan werknemers te verskaf. ✓✓
- Die voorsiening van toegewyde bane vir publieke vervoer wat verkeersopeenhopings verminder. ✓✓
- Die regulering van publieke vervoertariewe. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 **Watter ekonomiese stelsel word deur die prent hierbo uitgebeeld?**

- Sentraal Beplande Ekonomie/Bevelekonomie ✓ (1)

2.3.2 **Wie allokeer die hulpbronne in die stelsel wat hierbo uitgebeeld word?**

- Die regering ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese stelsel.***

- Dit is die wyse waarby lande en regerings hulpbronne versprei asook hoe die handel van goedere en dienste plaasvind. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.4 **Verduidelik EEN voordeel van die ekonomiese stelsel wat in die prent hierbo uitgebeeld word.**

- Effektiewe gebruik van hulpbronne: Die regering bepaal op watter manier hulpbronne benut word. ✓✓
- Verbetering in persoonlike welvaart: Hulpbronne word effektief aangewend om maksimum produktiwiteit en minimale vermorsing te behaal. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.5 **Hoe bevoordeel eiebelang ’n ekonomie?**

Eiebelang is een van die vernaamste dryfkragte in ’n markekonomie omdat:

- Besighede gedrewe is om goedere en dienste teen die laagste moontlike koste te vervaardig sodat maksimum wins gemaak kan word en verbruikers teen lae pryse kan aankoop. ✓✓
- Hulle ook gemotiveerd is om skaars hulpbronne te gebruik en slegs goedere en dienste te vervaardig wat in lyn is met die gemeenskap se behoeftes en begeertes en sodoende behaal hulle toewysingsdoeltreffendheid. ✓✓
- Besighede probeer om winste te maksimeer en verliese te minimaliseer wat lei tot ekonomiese groei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek die rol van huishoudings in ’n oop sirkelvloei.**

- Huishoudings is die grootse verbruikers van ekonomiese goedere en dienste – hulle gebruik hul inkomste om goedere en dienste by firmas te koop. ✓✓
- Huishoudings is die primêre ekonomiese deelnemers omdat hulle die vier produksiefaktore besit. ✓✓
- Huishoudings verkoop produksiefaktore in die faktormark aan firmas. ✓✓
- Huishoudings ontvang vergoeding vanaf firmas in die vorm van lone, huur, rente en wins. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4 x 2) (8)

2.5 **Hoe het die oorlog in Oekraïne omgewingsagteruitgang beïnvloed?**

- Toename in besoedelingsvlakke as gevolg van die groot aantal tenks en ander militêre toerusting wat koolstofmonoksied vrystel. ✓✓
- Brandende infrastruktuur as gevolg van lugaanvalle en ander plofbare metodes, veroorsaak die agteruitgang van lugkwaliteit. ✓✓
- Bestralingsvlakke het toegeneem as gevolg van beskadiging aan kernkrag fasiliteite in en om die Oekraïne. ✓✓
- Hierdie bestralingsvlakke het reeds die kwaliteit van die grond rondom die geteikende gebiede geaffekteer. ✓✓
- Daar was ’n toename in geraasbesoedeling as gevolg van vliegtuie wat oorvlieg en lugaanvalle. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE funksies van die Sentrale Bank.**

- Bankier vir kommersiële banke. ✓
- Dien as bankier vir die regering. ✓
- Die bewaarder van goud en buitelandse valuta reserwes. ✓
- Verskaf ekonomiese en statistiese dienste. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoekom was geld bekendgestel as ŉ ruilmiddel?**

- Om handel te vereenvoudig. ✓✓
- Om die tekortkominge van die ruilhandelstelsel te oorkom. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2 **DATA RESPONS**

3.2.1 **Vanuit die bostaande grafiek, identifiseer die land met die ongelykste verdeling.**

Land B ✓ (1)

3.2.2 **Wat is die betekenis van ŉ *Gini-koëffisiënt* van *nul*?**

Dit is ŉ aanduiding van gelyke inkomste verdeling/perfekte gelykheid. ✓✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *Lorenz-kromme*.**

ŉ Grafiek wat die verdeling van inkomste (of welvaart) binne ŉ ekonomie aandui. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Verduidelik die verhouding tussen die Lorenz-*kromme* en die Gini-koëffisiënt.**

- Hoe meer ongelyk ŉ land se inkomste verdeling is, hoe groter is die kurwe tussen die 45 grade lyn en die Lorenz-kromme en hoe hoër isdie Gini-koëffisiënt. ✓✓
- Indien daar volkome gelykheid is, sal die Lorenz-kromme dieselfde as die 45 grade lyn wees en die Gini-koëffisiënt sal gelyk wees aan nul. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 **Veronderstel dat die oppervlak tussen Land A en die gelykheidslyn 20 is en dat die totale oppervlak (C + D) onder die gelykheidslyn 100 is, bereken die Gini-koëffisiënt. Toon ALLE berekeninge.**

Gini- koëffisiënt = C/C + D
= 20 ✓ /100 ✓
= 0,2 ✓✓ (4)

3.3 **DATA RESPONS**

3.3.1 **Noem enige EEN eienskap van ontwikkelende lande.**

- Lae lewenstandaard ✓
- Lae per kapita inkomste ✓
- Ongelyke verdeling van inkomste ✓
- Lae lewensverwagting ✓
- Gebrek aan onderrig ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

3.3.2 **Watter aanwyser word gebruik wanneer MOI gemeet word?**

- Lewensverwagting ✓
- Onderrig ✓
- BBP per kapita ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling.***

- Dit is die verbetering in die lewenstandaard van die inwoners in ŉ land. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.4 **Verduidelik die gebruik van per kapita syfers**.

- Om die lewenstandaard van ŉ land te bepaal. ✓✓
- Om welvaartsvlakke van verskillende lande te vergelyk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die gehalte van menslike hulpbronne verbeter?**

Die regering kan:

- In die kwaliteit van onderrig belê ✓✓
- Indiensopleiding verskaf ✓✓ (2 x 2) (4)

3.4 **Beskryf kortliks die belangrikheid van inheemse kennisstelsels.**

- IKS word beskou as die sleutel tot onderhoubare sosiale en ekonomiese ontwikkeling. ✓✓
- IKS kan ŉ produktiewe raamwerk verskaf vir die aktiwiteite wat bedoel is om gemeenskappe by te staan. ✓✓
- Hierdie stelsels bied probleemoplossingsplanne of strategieë vir plaaslike gemeenskappe, veral vir gemeenskappe wat armoede ervaar. ✓✓
- IKS verteenwoording ŉ belangrike bydrae tot wêreldwye ontwikkelingskennis. ✓✓ (4 x 2) (8)

3.5 **Evalueer die Herkonstruksie en Ontwikkelingsprogram as ŉ ontwikkelingsstrategie in Suid-Afrika.**

**Positiewe aspekte:**
- Die HOP was ŉ arbeidsintensiewe program vir openbare werke. ✓✓
- Die HOP het bygedra tot die afname in armoede as gevolg van die werksgeleenthede wat geskep is. ✓✓
- Dit was ŉ sosio-ekonomiese beleidsraamwerk wat deurlopend ingesluit was in elke regeringsplan. ✓✓
- Bygestaan in die ontwikkeling van menslike hulpbronne, een van diè noodsaaklikste hulpbronne benodig vir ekonomiese ontwikkeling. ✓✓
- Bygestaan in die toename van infrastruktuur ontwikkeling. ✓✓
- Die HOP het die implementasie van grondhervorming bevorder. ✓✓
- Bygestaan in die voorsiening van huise, water, elektrisiteit en primêre gesondheidsorg. ✓✓

**Negatiewe aspekte:**
- Die werkloosheidsyfer het aanhou toeneem. ✓✓
- Armoede en dienslewering het nooit verbeter nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE metodes wat gebruik word om Bruto Binnelandse Produk te bereken.**

- Produksie metode ✓
- Inkomste metode ✓
- Bestedingsmetode ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom is welvaart belangriker as inkomste?**

- Welvaart is belangriker om sosiale ongelykheid te begryp omdat dit inkomste skep dus is die ongelykheid in inkomste afhangend van die ongelykheid in welvaart. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 **DATA RESPONS**

4.2.1 **Geen EEN voorbeeld van belasting op produkte.**

- BTW ✓
- Aksynsbelasting ✓ (1)

4.2.2 **Noem EEN vorm van vergoeding vir werknemers.**

Salarisse en lone ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *huidige pryse.***

- Huidige pryse meet BBP deur die werklike prys in die ekonomie te gebruik. ✓
- Huidige pryse maak geen aanpassing vir inflasie nie. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.4 **Verduidelik die doel van subsidies op produksie.**

- Subsidies op produksie verminder die produksiekoste vir die vervaardiger en moedig die vervaardiging van noodsaaklike goedere aan. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2.5 **Bereken die verbruik op vaste kapitaal as ’n persentasie van die BWT teen faktorkoste vir 2019. Toon ALLE berekeninge.**

713 078 ✓/4 428 317 ✓ × 100
16,1% ✓✓ (4)

4.3 **DATA RESPONS**

4.3.1 **Wat is die hoofdoel van die NOP?**

- Om armoede en ongelykheid te elimineer.✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.3.2 **In watter jaar beoog die NOP om die hoofdoel te bereik?**

2030 ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese groei.***

- Dit is ŉ toename in die produksie kapasiteit van ŉ land. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.3.4 **Verduidelik die negatiewe effek wat die NOP op belastingbetalers kan hê.**

- Die implementering van die NOP benodig meer regeringsinkomste dus moet meer belasting ingevorder word deur middel van ŉ verhoogde belastingskoers. ✓✓
- Verminder die besteebare inkomste van individue. ✓✓
- Hoër vlakke van bedrog en korrupsie belemmer dienslewering aan die armes. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

4.3.5 **Hoe sal die Suid-Afrikaanse ekonomie voordeel trek uit die implementering van die NOP?**

Die Suid-Afrikaanse ekonomie sal voordeel trek deur:

- Die vermindering van jeug werkloosheid ✓✓
- Die voorsiening van wyer werksgeleenthede vir die jeug ✓✓
- Die toenemende mededingingskapasiteit van die ekonomie ✓✓
- Die verbetering in die lewenstandaard van die mense ✓✓
- Die toenemende tempo van industrialisasie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die tersiêre sektor.**

- Die tersiêre sektor dra by tot die waarde van Suid-Afrika se BBP. ✓✓
- Die sektor skep werksgeleenthede aangesien hierdie sektor dienslewering aanbied. ✓✓
- Dit is ŉ bron van staatsinkomste. ✓✓
- Die sektor dien as ŉ mark vir verbruikersgoedere. ✓✓
- Die tersiêre sektor dra by tot SA se uitvoerwaarde. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 4 x 2) (8)

4.5 **Analiseer Suid-Afrika se beperkings met betrekking tot ekonomiese groei.**

- Die oorevaluering en die wisselvalligheid van Suid-Afrika se geldeenheid. ✓✓
- Daar is onvoldoende nasionale infrastruktuur om ekonomiese groei te bevorder. ✓✓
- Suid-Afrika het 'n tekort aan geskoolde arbeid. ✓✓
- Versperrings tot toetrede in die mark, beperkte mededinging en minimale nuwe beleggingsgeleenthede. ✓✓
- Tekortkominge in regeringsorganisering, kapasiteit en leierskap. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding:**<br>Die inleiding is ŉ laerorde-antwoord.<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige gedeelte van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br><br>**Hoofgedeelte**: Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Trek ŉ grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte mag toegeken word vir opskrifte/ voorbeelde.** | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Verduidelik kortliks/Hoe?/Stel voor/Analiseer/Evalueer<br>**ŉ Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir bloot die lys van feite.** | Maks. 10 |
| **Slot:**<br>Enige hoërorde-slot moet die volgende insluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening of waarde-oordeel van die bespreekte feite, met voorbeelde om jou bespreking te staaf<br>• Addisionele, ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek, in diepte, die belangrikheid van entrepreneursvaardighede.** (26 punte)
- **Hoe kan die regering entrepreneurs van klein besighede bystaan wat negatief deur die COVID-19 pandemie geaffekteer is?** (10 punte) **[40]**

**INLEIDING**

ŉ Tekort aan entrepreneurskap sal lei tot ŉ tekort in goedere en dienste in die ekonomie, minder mededinging, toename in pryse en sal dus ŉ afname in ekonomiese groei vir Suid-Afrika veroorsaak. ✓✓

**OF**

ŉ Entrepreneur is die persoon wat die risiko neem om ŉ besigheid te begin en te finansier met die doel om verbruikers se behoeftes en begeertes te bevredig deur die effektiewe kombinasie van die ander produksiefaktore en die generering van wins. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 2)

**HOOFDEEL**

Entrepreneurskap vervul ŉ uiterse belangrike rol in die vervaardigingsprosedure om die volgende redes:

Kombineer die ander produksiefaktore: ✓

- Die entrepreneur kombineer produksiefaktore met die doel om goedere en dienste te vervaardig wat aan die behoeftes en begeertes van verbruikers voldoen. ✓
- Entrepreneurs moet genoegsame kapitaal; natuurlike hulpbronne en geskoolde arbeid op die regte tyd en plek, en in die regte hoeveelhede saamvoeg. ✓✓
- Sodoende, sal entrepreneurs altyd poog om die grootste moontlike wins te maak.✓✓

Demonstreer inisiatief: ✓

- Entrepreneurs neem inisiatief om besighede te begin. ✓✓
- Hulle skep nuwe besigheidsidees om ŉ wins te behaal in die mark. ✓✓
- Geen entrepreneur behoort ŉ besigheid te vestig tensy hulle genoeg navorsing gedoen het om uit te vind of die besigheidsidee ŉ sukses sal wees. ✓✓
- Die entrepreneur moet die gelykbreekpunt bereken voordat ŉ besigheid begin. ✓✓
- Die gelykbreekpunt is die punt waar uitgawes gelyk is aan inkomste. ✓✓
- Enige inkomste wat gemaak word na die gelykbreekpunt word geklassifiseer as wins. ✓✓

Neem risiko's: ✓

- In 'n markekonomie is dit die rol van die entrepreneur om risiko's te aanvaar of te neem. ✓✓
- Die entrepreneur is verantwoordelik vir al die verliese indien die besigheidsidee misluk of as die besigheid bankrot verklaar word.✓✓

Maak besluite: ✓

- Entrepreneurs maak besluite ten opsigte van wat om te produseer, waar om die besigheid te vestig en vir wie om te vervaardig. ✓✓
- Entrepreneurs besluit oor kwessies soos; om te fokus op kwaliteit of kwantiteit, om grond te koop of 'n perseel te huur, by wie om voorraad of rou materiaal aan te koop en watter vorm van eienaarskap gekies sal word, bv. alleeneienaar, vennootskap, maatskappy ens. ✓✓

Die ekonomiese belangrikheid van entrepreneurskap: ✓

- Entrepreneurs vertolk 'n baie belangrike rol in die bydrae tot groei en vooruitgang in enige ekonomie.✓✓
- Suid-Afrika het 'n baie hoë werkloosheidskoers.✓✓
- Die formele sektor beskik nie oor die kapasiteit om werksgeleenthede vir die hele bevolking van Suid-Afrika te voorsien nie.✓✓
- Dus, speel entrepreneurs wat klein besighede in die informele sektor begin, 'n belangrike rol in die voorsiening van inkomste en indiensneming.✓✓
- Behalwe vir werkskepping, stel nuwe entrepreneurs nuwe goedere en dienste bekend aan die mark. Dit verhoog mededinging en verminder inflasie en goedere kan teen goedkoper pryse verkoop word.✓✓
- Die belastingsinkomste van die regering neem toe omdat die wins van entrepreneurs belas word.✓✓
- Hierdie positiewe impak op die ekonomie gebeur op dieselfde tyd en die staat kan dan minder bestee op werkloosheidsbetalings asook ander sosiale welvaartsdienste omdat welvaart meer eweredig versprei word.✓✓

(Maks. 26 punte)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Hoe kan die regering entrepreneurs van klein besighede bystaan wat negatief deur die COVID-19 pandemie geaffekteer is?**

- Die regering kan belastingsverligting toestaan aan klein besighede vir 'n spesifieke tydperk.✓✓
- Vir die klein en medium besighede wat, direk of indirek, negatief deur die COVID-19 pandemie beïnvloed is, kan die regering skuldverligting toestaan. Dit is 'n sagte-lening fasiliteit wat entrepreneurs kan bystaan om hul besighede aan die gang te hou tydens die pandemie.✓✓
- Entrepreneurs wat klein besighede besit, wat plaaslik vervaardig, wat higiëniese en mediese produkte asook voedsel items verskaf, wat hoog in aanvraag is om die verspreiding van die COVID-19 virus te bekamp en bestuur, ontvang veerkragfasiliteite soos bedryfskapitaal, voorraad, oorbruggingsfinansiering, bestellingsfinansiering asook toerustingfinansiering.✓✓

- Fasiliteer grootmaat aankoopgeleenthede vir spaza winkels sodat hulle die potensiaal verkry om as ŉ mark vir plaaslik vervaardigde goedere te funksioneer. ✓✓
- Die regering kan ŉ ondersteuningsfonds op die been bring vir klein- en gemeenskapsboere.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10)

**SLOT**

Suid-Afrika besit ŉ oorvloed van natuurlike hulpbronne en indien die bronne effektief benut en ten volle ontwikkel word, kan ons land oor ŉ volhoubare en florerende ekonomie beskik. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante slot.) (Maks. 2) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek die funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank onder die volgende opskrifte:**
  - **Bankier vir die regering (8)**
  - **Bank van uitreiking (8)**
  - **Bankier se bank (10)** (26 punte)
- **Hoe sal die Goewerneur van die Reserwebank monetêre beleid gebruik om die hoeveelheid geld in die land te beïnvloed?** (10 punte) **[40]**

**INLEIDING**

Die sentrale bank is die monetêre gesag van enige land. Suid-Afrika se sentrale bank is gestig in 1920. Die hooffunksie van die SARB is om Suid-Afrika se monetêre gesag te wees. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (Maks. 2)

**HOOFDEEL**

Bankier vir die regering:

- Die Reserwebank is die hoofbankier van die staat. ✓✓
- Die SARB lewer dienste aan die regering soortgelyk aan dié van kommersiële banke aan hul kliënte. ✓✓
- Regeringsdepartemente deponeer hul fondse by die Reserwebank en onttrek tjeks teen hulle rekeninge. ✓✓
- Die Reserwebank bied lenings, buitelandse valuta en finansiële raad aan die regering. ✓✓
- Dit voorsien ook monetêre raad aan die regering. ✓✓

(Maks. 8)

Bank van uitreiking:

- Die SARB het alleenreg om banknote en munte uit te reik. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy munt Suid-Afrika se muntstukke. ✓✓
- Beide die maatskappye is filiale van die SARB. ✓✓
- Tydens die uitreiking van banknote en muntstukke word die SARB gelei deur die behoeftes van die ekonomie. ✓✓ (Maks. 8)

Bankier se bank:

- Die SARB bepaal en hou die minimum kontantreserwes, wat banke verplig is om na te kom indien hulle solvent wil bly. ✓✓
- Die SARB tree op as ŉ verrekeningsbank deur interbankverpligtinge te vereffen. ✓✓
- Kommersiële banke hoef nie die verskeie tjeks aan mekaar uit te betaal nie, omdat die SARB die saldo's tussen die banke vereffen. ✓✓
- Die SARB is die laaste uitweg uitlener. ✓✓
- Die SARB staan lenings toe aan kommersiële banke wanneer dié banke ŉ likwiditeitsprobleem ervaar. ✓✓
- Die SARB hou toesig oor die kommersiële banke. ✓✓
- Dit verseker dat die banke in lyn met die Bankwet bedryf word. ✓✓
- Die SARB verseker dat alle banke monetêre beleid implementeer. ✓✓

(Maks. 10)
(Maks. 26 punte)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Hoe sal die Goewerneur van die Reserwebank monetêre beleid gebruik om die hoeveelheid geld beskikbaar in die land te beïnvloed**?

Die SARB kan die hoeveelheid geldvoorraad van die land beïnvloed deur:

- Die vermeerdering van geldvoorraad deur geld by die ekonomie te voeg. ✓✓
- Die vermindering van geldvoorraad deur geld uit die ekonomie te onttrek. ✓✓
- Die inkrimping van ekonomiese aktiwiteite in tye van resessie en depressie. ✓✓
- Ekonomiese stimulering deur die geldvoorraad te vermeerder. ✓✓
- Die ekonomie af te koel deur die geldvoorraad tydens inflasie te verminder. ✓✓
- Ekonomiese stimulering deur die vermindering van die repokoers. Aangesien die repokoers die rentekoers bepaal, sal kommersiële banke die rentekoers dienooreenkomstig verminder. ✓✓
- Om die minimum persentasie kontantreserwes aan te pas en sodoende die geldvoorraad te beïnvloed. ✓✓
- Om die geldvoorraad te beperk met die verkoop van sekuriteite aan banke of die geldvoorraad te vermeerder met die aankoop van sekuriteite by banke. ✓✓
- Die gebruik van intensiewe morele oortuiging waarin banke versoek word om meer versigtig lenings toe te staan of hulle aan te moedig om meer lenings goed te keur. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10 punte)

**SLOT**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan ekonomiese groei en ontwikkeling verbeter en bevorder deur die korrekte ontwerp en implementering van monetêre beleid. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante slot.) (Maks. 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**